Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde

Verwysing: 20180319-576
12/2/8/12
Navrae: LB Shasha

Omsendbrief: 0013/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Prinsipale van skole en Voorsitters van beheerliggame by gewone openbare skole en koshuise (onderwyskolleges uitgesluit)

Kort opsomming: *Verhoging van bedrae betaalbaar vir beurse ten opsigte van verblyf, vervoer en privaat losies, asook toelae vir diensdoende personeel by koshuise en skole.*

Onderwerp: Verhoging van bedrae betaalbaar vir beurse ten opsigte van verblyf, vervoer en privaat losies, asook toelae vir diensdoende personeel by koshuise en skole

1. Goedkeuring is verleen vir verhogings ten opsigte van die onderstaande beurse en sal vanaf **01 April 2018** in werking tree:

1.1 Behoeftige leerders by koshuise van gewone openbare skole sal losiesbeurse ontvang. Die voorgeskrewe jaarlikse beurs per leerder is van R8 349.00 na R8 974.00 verhoog.

1.2. Behoeftige leerders wat onder die onderwysdistrikte van die Weskus, Kaapse Wynland, Eden en Sentrale Karoo en Overberg val, sal beurse vir privaat losies- en vervoer ontvang. Die voorgeskrewe jaarlikse beurs vir privaat losies en vervoer per leerder is van R1 916.00 na R2 040.00 verhoog.

Let wel: Al die bogenoemde beurse word volgens die goedgekeurde middeletoets (sien IBBB Minuut 0016/2011) bereken asook die kriteria wat in Omsendbrief 0143/1998 van 06 November 1998 en Omsendbrief 0029/2001 van 13 Maart 2001 uiteengesit is.

2. Goedkeuring is ook verleen vir 'n verhoging ten opsigte van die onderstaande beurse en sal vanaf **01 April 2018** in werking tree:

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2770 Faks: +086 623 37 44
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

2.1 Indien minder as 201 leerders ingeskryf is, sal die toelae vir diensdoende personeel by gewone openbare skole, vir die diensstaat van administratiewe en algemene dienspersoneel van R550.00 na R586.00 per leerder per jaar verhoog word. 'n Minimum van R21 000.00 sal aan 'n skool betaal word.

2.2 Indien die koshuis minder as 50 koshuisgangers het, sal die jaarlikse toelae vir personeel by 'n gewone openbare skoolkoshuis vir indiensneming van personeel van R8 349.00 na R8 974.00 per leerder per jaar verhoog word.

2.3 Die toelae vir diensdoende personeel by kerk- of privaat koshuise vir die indiensstelling van administratiewe dienste en skoonmaakdienste is van R1 920,00 na R2 045,00 per leerder per jaar verhoog.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van die beheerliggaam en alle belanghebbendes.

GETEKEN : BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-03-09